HIGHVELD SYNDICATION NO 15 LIMITED: REGISTRASIE NOMMER: (2003/031064/06)
HIGHVELD SYNDICATION NO. 16 LIMITED REGISTRASIE NOMMER: (2003/031129/06)
HIGHVELD SYNDICATION NO. 17 LIMITED, REGISTRASIE NOMMER: (2003/025913/06)
HIGHVELD SYNDICATION NO. 18 LIMITED, REGISTRASIE NOMMER: (2003/030778/06)
HIGHVELD SYNDICATION NO. 19 LIMITED, REGISTRASIE NOMMER: (2003/030144/06)
HIGHVELD SYNDICATION NO. 20 LIMITED, REGISTRASIE NOMMER: (2005/029425/06)
HIGHVELD SYNDICATION NO. 21 LIMITED, REGISTRASIE NOMMER: (2005/027601/06)
HIGHVELD SYNDICATION NO. 22 LIMITED, REGISTRASIE NOMMER: (2005/027390/06)

(“die maatskappye”)

**ONDERNEMINGSREDDINGS STATUS VERSLAG INGEVOLGE ARTIKEL VAN DIE MAATSKAPPYEWET, 71 OF 2008 (“DIE WET) GELEES MET REGULASIE 125 VAN DIE WET EN GELIASEER DEUR DIE ONDERNEMINGSREDDINGSPRAKTISYN JF KLOPPER EN KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKELS 145 EN 146 VAN DIE WET**

1. Die maatskappye was in September 2011 onder sakeredding geplaas en Johannes Frederick Klopper is destyds aangestel as Ondernemingsreddingspraktisyn (“ORP”) van die maatskappye.

2. ‘n Ondernemingsreddingsplan (“die Plan”) ten aansien van die maatskappye was op 30 November 2011 gepubliseer en op 14 Desember 2011 deur geaffekteerde persone (“HS Beleggers”) aanvaar.

3. Die skielike heengaan van mnr Nic Georgiou, 'n belangrike rolspeler in die sake-reddingsverrigtinge tot dusver, op 10 September 2021, het alle ander gebeure in verband met hierdie aangeleenthede in September 2021 oorskadu.

4. Ek is in kennis gestel dat die benoemde eksekuteur ingevolge die laaste testament van wyle mnr. Georgiou mettertyd alle nodige dokumentasie sal indien om die boedel by die Meester van die Hooggeregshof aan te meld.

5. Daar moet egter op gelet word dat daar partye is wat blybaar van mening is dat die verskillende regsgedinge met betrekking tot die maatskappye Zephan Properties (Edms.) Bpk. ("Zephan") en Orthotouch (Edms.) Beperk ("Orthotouch") en ander entiteite waar wyle mnr. Georgiou 'n vertrouensposisie beklee het, sal nie deur die afsterwe van mnr. Georgiou geraak word nie en dat die proses in werklikheid bespoedig sal word weens sy afsterwe.

6. Dit is nie feitelik korrek nie. Dit is gemeensaak dat die Meesterkantore regoor die hele Suid - Afrika en kort voor die gebeure van die afgelope paar weke, toe die hoogsgepubliseerde

'kuberkraking' van die hele rekenaarstelsel van die Departement van Justisie plaasgevind het, gemiddeld meer as drie maande neem om eksekuteursbriewe uit te reik en dat dit in die onlangse verlede tot tien tot twaalf maande geneem het om eksekuteursbriewe in sekere kantore van die Meester uit te reik.

7. Die Hoofmeester van Suid -Afrika het belanghebbendes ongeveer 'n week gelede in 'n skriftelike mededeling, meegedeel dat die IT-onderbreking onbepaald is en dat dit nie moontlik is om aan te dui hoe lank dit sal neem om die departement se IT -stelsel te herstel nie. In die lig hiervan is dit dus misleidend om die indruk te skep dat die verskillende litigasieverrigtinge waarby mnr Georgiou se bestorwe boedel betrokke is, bespoedig sal word. Na raming sal daar ‘n wesentlike vertraging wees, aangesien die aangestelde eksekuteur sy/haar eksekusteursbriewe moontlik eers oor minstens 6 tot 12 maande vanaf die datum van indiening van die dokumente aan die Meester sal ontvang.

8. Die identiteit van die aangestelde eksekuteur sal slegs bekend word sodra die eksekuteursbriewe deur die Meester voorsien is, en slegs dan kan hy/sy met sy/haar werk kan begin en kontak maak met die professionele persone wat betrokke is by die sakereddingsverrigtinge met betrekking tot die maatskappye, Zephan en Orthotouch en ook met ander partye wat moontlik locus standi het met betrekking tot mnr Georgiou se bestorwe boedel.

9. Die aansoek wat deur Jacques du Toit, die ondenemingsreddingspraktisyn van Zephan en Orthotouch, geloods is en waarin 'n verklarende hofbevel gevra word om duidelikheid te verkry oor die bepalings van die gesanksioneerde Reëlingskema ingevolge waarvan alle eise (insluitend aandele) van HS Beleggers aan Zephan gesedeer is en ingevolge waarvan die HS -beleggers se enigste oorblywende regte sal wees om betaling te ontvang ingevolge die beplaings van die gesanksioneerde reëlingskema ten opsigte van Orthotouch, is steeds aan die gang.

10. Volgens inligting wat die ORP ontvang het is Jacques du Toit se antwoordende beëdigde verklaring op 'n opponerende beëdigde verklaring op die aansoek om verklarende bevel byna afgehandel.

11. Met betrekking tot die Smith -aansoek (soos omskryf in vorige statusverslae) het Jacques du Toit sy antwoordende eedsverklaring op 28 September 2021 ingedien en dit kan gelees word deur op die volgende skakel te klik:

https://restructuring.bdo.co.za/sites/default/files/filefield_paths/21-09-28.%282%29ANS%20AFF.8TH%20AND%2010TH%20RESP.pdf

**JF KLOPPER**

**ONDERNEMINGSREDDINGSPRAKTISYN**

**Datum: 30 September 2021**